Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 9 – 13 Junie 2025

## SPORT





### NETBAL

**Lynnies SUPER in Superliga A-bond**

Ons netbaldogters skitter op die netbalbaan! Ons speel vir die eerste keer in ons mooi nuwe rokkies.
'n Seisoen vol toere, toernooie en wedstryde! Baie geluk aan elke dogter wat bygedra het tot dié uitstekende prestasie. Lynnies eindig in die super liga, top 2. (Ons wag nog vir die finale uitslae).
Baie geluk aan die o/12 B, C, D en o/13 C spanne wat ligawenners is.
Baie geluk aan die o/11 A, B, C en D wat 2de eindig in die liga en o/13 B en D wat derde eindig.
Ons is so trots op al die dogters se harde werk!

Dankie vir elke afrigter se liefde en ondersteuning.






Ons wil graag vir die o/12 A en o/13 A s spanne sterkte toewens met hul deelname aan die Gauteng kampioenskappe hierdie naweek.




## RUGBY

Die rugby seisoen het die afgelope week teen Laerskool Hennopspark klaar gemaak en die seuns het baie goed gevaar die seisoen.  Die jaar se rugbyseisoen is klaar en ons kyk met groot trots terug na 'n goeie 3 maande wat die seuns baie lesse geleer het en uitstekend gevaar het.

Die onderskeie ouderdomsgroepe het in Maart na die volgende plekke getoer:

o/9 – Camp Discovery
o/10 - Camp Discovery
o/11 C - Camp Discovery
o/11 A, B – Grey Kollege
o/13 C, D- Camp Discovery
o/ 13 A, B – Marlow Landbouskool








Daarna het die seisoen afgeskop en die seuns het baie goed gevaar vir die eerste jaar in Makro Skole liga.

Ons is trots op elke Lynnwood rugby speler!








## LANDLOOP

Lynnies het 12 atlete wat verkies is tot die AGN-span wat eerskomende Saterdag, 14 Junie 2025, gaan deelneem aan die Interprovinsiale Landloop Kampioenskappe te Bersig Akademie in Rustenburg.

Baie sterkte aan hierdie Lynnies, ons is trots op julle! Mia Strohfeldt, Caley Lubbe, Lua Snyman, Elizabeth de Beer, Lynicke Pienaar, Lemay van der Westhuizen, Ansius-Dawid Vermeulen, JJ van der Westhuizen, Francois van Dyk, Benjamin Strohfeldt, Ruan Pienaar en Malan Strijdom.




## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIES

## PERDRY

Leandi Smit in graad 6 het op Saterdag, 7 Junie deelgeneem aan haar heel eerste perdry kompetisie, Sanesa Q3 en het 'n 2de plek behaal in haar kategorie.  Geluk Leandi!



# OUERLEIDING

## Langs die sportveld



Die son het gesak oor die meeste van die tweede kwartaal se spansporte. Vir baie van ons spanne was dit 'n harde liga met baie waardevolle lesse wat langs die pad geleer is. Op laerskool is die kweek van 'n liefde vir die sport, die waarde daarvan om deel te wees van 'n span wat saam hoogte- en laagtepunte beleef en die bou van karakter die primêre doelwit.
Die onlangse voorval van ouers wat handgemeen geraak het langs die sportveld by 'n laerskool het van nuuts af die klem geplaas op gedrag langs die sportveld.

Laerskool Lynnwood staan al vir baie jare bekend in sportkringe as die skool met kinders wat mooi maniere het. Dit maak ons uiteraard baie trots. Dis 'n waarde wat hul saamneem Hoërskool toe in die hoop dat dit daar ook uitgeleef word.

Skolesport wek natuurlike emosies op, maar dit mag nooit die goeie karakter van 'n kind of ouer aantas nie en alles word waarteen ons veg nie – 'n boelie en afknouerige samelewing. Hoe ouers met mekaar praat voor en na afloop van wedstryde het ook 'n invloed op kinders se reaksie langs die sportveld. Die voorbeeld van 'n ouer moet nooit onderskat word nie.

Of ouers dit wil erken of nie, kinders volg hul ouers se voorbeeld en kyk met arendsoë hoe ouers optree - ook langs die sportveld en rondom 'n braaivleisvuur. Staan op vir dit wat reg is en wys vir jou kind dat jy konsekwent optree ten opsigte van 'n goeie, gesonde, opbouende waardesisteem, sodat hul uiteindelik volwassenes word wat dit uitleef.

Wees 'n rolmodel – ook langs die sportveld:

**1. Wees ondersteunend, nie veroordelend nie:** Toon entoesiasme en moedig jou kind aan, selfs al presteer hulle nie altyd op hul beste nie.

**2. Wees 'n positiewe toeskouer:** Moenie jou kind, medespelers of afrigters afkraak nie. Positiewe aanmoediging dra by tot 'n gesonde sportomgewing.

**3. Respekteer die afrigter se rol:** Laat die afrigter die besluite maak. As daar kommer oor die afrigtingstyl is, bespreek dit privaat en nie tydens die wedstryd nie.


**4. Moenie die skeidsregter uitjou nie:** Onthou dat skeidsregters mense is en foute kan maak. Wees 'n voorbeeld vir jou kind.

**5. Moenie in kompetisie met ander ouers tree nie:** Vergelykings en kompetisie tussen ouers kan 'n negatiewe invloed op die kind hê. Fokus eerder op die positiewe ontwikkeling van jou kind.


**6. Leer jou kind om respek te toon:** Leer jou kind om medespelers, teenstanders en amptenare met respek te hanteer, ongeag die uitkoms van die wedstryd.

**7. Sien die wedstryd as 'n leerervaring:** Identifiseer geleenthede vir groei en ontwikkeling, eerder as om net op die uitslag te fokus. Moedig volharding aan, selfs al het hulle verloor.

Dankie aan elke ouer se ondersteuning en positiewe insette die afgelope seisoen.



## LYNNIES REVUE 2025




**Hier is die skakel:**
https://drive.google.com/file/d/15ZfZIz8E_zYBe5vw-dzVbhlU4oEHO65o/view?usp=share_link




## A K A D E M I E

**KUNS**
Die graad 5-leerders ontwerp hul eie "POP-Art" met kreatiewe letters en Ndebele patrone.




Die Graad 7 leerders ontwerp hul eie patrone en druk hul eie geskenkpapier.



# KULTUUR

## REDENAARS

Spanredenaarsmiddag vind plaas op 25 Junie
Kommunikasie reeds op d6 geplaas.

**Redenaargedagte vir die week**:
*"Don't just aspire to make a living, aspire to make a difference."* Denzyl Washington

# KUNSTE AKADEMIE

Juffrou Carli se Dramamaats vaar puik by die Pretoria Eisteddfod!

Michael Murray in graad R is aangewys as Kategoriewenner Poësie en Gedramatiseerde Poësie.

Goeie werk, Michael!




Geluk ook aan al juffrou Carli se dramaleerders wat so puik gevaar het by die Pierneeffees!
Altesaam behaal hulle die volgende:
9 A's
24 A+'e
32 A++'e
10 leerders word aangewys as afdelingwenners.

KNAPGEDAAN LYNNIES!



# DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens juffrou Miné, meneer Casper en meneer Ethan geluk met hul verjaarsdae.









## GHOLF- EN ROLBALDAG




**KLIEK HIER VIR INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1logfrlExRciUF7XtlDyLPr-MYi4VJnoK/view?usp=share_link




**KLIEK HIER VIR INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1kTBA9aGjKEpvltNFYMrLCj-ktU38-hYp/view?usp=share_link

## PERSONEELVERJAARSDAE

**JUNIE**

13 Obrey Mamengena (alg. ass)
14 Shadrack Mojadithigo (alg. ass)
16 Paulinah Kekae (alg. ass) en Benny Thaga (alg. ass)
19 Anje Burger (pre-prim)
21 Danielle de Witt (o/w)
23 Eudene Swart (o/w)
24 Joshua Grové (intersen. ass), Bernie Bezuidenhout (o/w ass) en Morris Tshabangu (alg. ass)
26 Christa Cronje (naskool)
29 Ilse Deneys (naskool)

## LYNNIES BIDGROEP

BID VIR LYNNIES
Woensdae 07:25 voor die hoofhek.
Kontak
Anlia 082 927 1020

## FORMELE FOTODAG




## O M G E E F O N D S SKENKING VAN WILDVLEIS

Ons was in die verlede geseën met pa's wat wildsvleis geskenk het vir die skool se Omgeefonds. Ons kon maandeliks vir van ons huisgesinne bederf met maalvleis of wors.
Indien daar pa's is wat te veel vleis het 😉, is julle welkom om dit aan die skool te skenk.

Indien nodig kan ons self reël vir die verwerking van die vleis. Die skool het genoeg vriesplek.

Kontak asseblief vir Ilsé de Villiers of Andries Roux indien julle kan ondersteun.

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


GRUB
house
Burgers, Pizza,
Wings, Shakes
and more...
come
get messy!
with the
GRUBhouse
Family!
www.grubhouse.co.za


ELEVATE YOUR STANDARDS,
ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


Groot
Boks
Groot
Idees
BIG
BOX
Omskep Groot Pret
Die omskakeling van 'n Big Box Container bied 'n innoverende oplossing wat funksionaliteit en kreatiwiteit kombineer sonder om kwaliteit of styl in te boet.
bigbox.co.za 0861 44 74 74


gro
LIFE COACHING
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za